


WAT IS DIE **WERKLIKE PRYS** VAN GELOOF?

# Die Prys

DIE JEUGTYDSKRIF VAN
GEOPENDE DEURE SUIDER-AFRIKA

Geopende Deure
JEUG

# SHOCK WAVE

WWW.OPENDOORS.ORG.ZA

OPEN DOORS SOUTH AFRICA

YOUTHSA@OD.ORG




In hierdie spesiale SHOCKWAVE uitgawe van *Die Prys* fokus ons op Indië. Hoekom Indië? Christene in Indië ervaar toenemende geweld as gevolg van die styging in radikale Hindoeïsme. Dié wie Jesus volg in Indië ervaar konstante druk om na tradisionele Hindoe-oortuigings te draai. Hulle word dikwels fisiek aangerand en soms vermoor. Daarom wil ons tydens hierdie SHOCKWAVE-naweek Indië en Christene in Indië in gebed opdra.

Wanneer ons vir mense of plekke in ander dele van die wêreld bid, soos Indië, is dit dikwels uitdagend om werklik met hulle "verbind" te voel. Trouens, het meeste van ons nog nooit deur hierdie dorpies in Indië geloop nie óf die geleentheid gehad om die mense wat in hierdie plekke woon te leer ken nie. Maar die wonderlike ding van gebed is dat dit verby fisiese grense gaan…

Geopende Deure stigter, Broer Andrew, het een keer gesê, *"Ons gebede kan gaan waar ons nie kan nie… Daar is geen grense, geen tronkmure, geen deure wat geslote bly wanneer ons bid nie."*

Jou gebede beteken so baie vir hulle. Soos Kusum, ŉ vervolgde suster, deel, *"Wanneer hulle [my] vervolg, bid ek. En wanneer ek bid, weet ek dat ander saam met my bid."*

So, wees deel van hierdie SHOCKWAVE en hou ŉ "kerrie en fliekaand" (sien bladsy 7) om jou vriende en familie te kry om saam met jou vir ons familie in Indië te bid.

Dankie dat jy saam met ons bid vir Indië gedurende SHOCKWAVE!

Tot volgende keer,

Natasja B

Geopende Deure Jeugkoördineerder



**Geopende Deure Jeug, Posbus 1771, Cresta, 2118 • T 011 888 9341 • F 011 888 9362 • www.opendoors.org.za • youthsa@od.org**

# Gereelde Vrae

## WAT IS DIT?

SHOCKWAVE is ŉ internasionale gebedsgeleentheid ten bate van vervolgde Christene. Dit skep ook bewusmaking en finansiële ondersteuning vir verwaarloosde gelowiges.

## HOEKOM MOET EK DIT DOEN?

In meer as 60 lande, ly miljoene Christene onder massamoord, verkragting, marteling, loesings, gevangeneskap, druk, teistering, familieskeiding en verlammende diskriminasie – oor die eenvoudige rede dat hulle in Jesus glo. Hierdie is nie net statistieke nie, hulle is ons broers en susters… en hulle het ons nodig!

## WANNEER IS DIT?

Die datum vir SKOCKWAVE is 1-3 Maart 2019.

## HOE LANK HET EK OM TE BID?

Jy kan vir 24 sekondes, 24 minute of 24 uur bid… dit hang heeltemal van jou af!

## WIE KAN BETROKKE RAAK BY SHOCKWAVE?

Die unieke ding van SHOCKWAVE is dat dit nie saak maak of jy alleen of saam met ŉ groep mense bid nie – ons sal jou help met hulpbronne en idees om jou geleentheid te beplan.

## WAT IS DIE TEMA VAN SHOCKWAVE?

INDIË. Ons wil hierdie naweek gebruik om ons familie in Indië in gebed op te dra.

## WAAR BID EK?

Jeuggroepe gebruik gewoonlik die hulpbronne op Geopende Deure se webwerf as deel van hulle Vrydagaand jeugprogram. Ander hou gesamentlike jeugbyeenkomste in hulle plaaslike areas, of hulle bid by die huis óf op hulle eie. Om jou te help sal ons vir jou ŉ paar idees gee om jou eie spesiale gebedsgeleentheid te reël!

## WAT ANDERS KAN EK DOEN OM HULLE TE HELP?

**Skryf ŉ brief of maak ŉ kaartjie:**
Laat vervolgde Christene in Indië weet dat hulle nie vergete is nie, deur ŉ brief, foto of video te stuur. Besoek ons webwerf by www.opendoors.org.za/skryf om meer te lees.

**Gee:**
Reël ŉ fondsinsameling om fondse en ondersteuning te kry vir die Kerk in Indië! Jy kan deel neem aan ŉ sportgeleentheid, ŉ partytjie reël of selfs met ŉ valskerm spring en ander kry om jou te borg… ja regtig!

**Praat daaroor:**
Nooi ons om jou meer oor die vervolgde Kerk te kom vertel. Ons verteenwoordigers kan nie wag om jou te besoek nie. So, nooi ons uit, jy sal nie teleurgesteld wees nie. Besoek www.opendoors.org.za/kontak





# Indië

## LAND- EN VERVOLGINGSTATISTIEKE



**Streek:** Suid-Asië

**Leier:** Eerste Minister Narendra Modi

**Bevolking:** 1,354,052,000

**Christene:** 4.8%


**Meerderheidsgeloof:** Hindoeïsme

**Regering:** Federale Parlementêre Republiek



Die meeste vervolging kom van ŉ verskeidenheid van radikale Hindoe-groepe wat Indië wil "reinig" deur Hindoeïsme die staatsgeloof te maak. Christene word as buitestaanders gesien en ly meer as ooit onder daaglikse aanvalle. Met die regering wat steeds ŉ blinde oog draai wanneer geloofsminderhede aangeval word, is dit ŉ aanduiding dat geweld net kan verhoog. Daarom voorsien Geopende Deure, deur kerkvennote, Christene met dissipelskap, onderrig en kritiese noodleniging, asook opleiding, hulpmiddels vir Bybelstudie en seminare om hulle te help om sterk te staan tydens vervolging.

# Hier is 'n paar statistieke oor vervolging in Indië




Posisie op die Geopende Deure Wêreldwaarnemingslys

Indië se posisie op die Wêreld-waarnemingslys het gestyg van #28 tot #10 in net vyf jaar. Tog, ontken die regering steeds die baie werklike vervolging wat deur radikale Hindoe-nasionalisme aangevuur word.

**Dit is angswekkend hoe die aantal gewelddadige insidente in Indië aanhou om te styg en nuwe hoogtes bereik. En hierdie aangemelde insidente vir die 2018 Wêreldwaarnemingslys* word as net die punt van die ysberg beskou.**

* Verslagdoeningsperiode: 1 November 2016 tot 31 Oktober 2017

**23,793** Christene fisies/geestelik mishandel

**336** Christene geforseer om hul huise te verlaat

**635** Christene onregverdig aangehou



# ONTMOET HULLE...

## JYOTI

Jyoti is in ŉ Christenfamilie gebore. Toe sy ses jaar oud was, het haar familie intense vervolging vanaf die dorpenaars ervaar wat druk op hulle geplaas het om hul geloof te versaak. Toe sy 19 geword het, het Jyoti besef dat die Here haar roep vir bedieningswerk en sy het besluit om in te skryf vir Bybel-kollege. Vandag studeer Jyoti teologie en gaan tydens haar vakansies terug om bediening in haar dorpie te doen.

### ŉ GEBED VAN JYOTI

"Here, ek bid vir my staat – dat die stoere Hindoes en stamme U liefde sal leer ken en in U sal glo. Ek bid vir die jeugspan in my kerk. Dit is my hartsbegeerte, Here, dat elke persoon in ons dorpie U sal leer ken. Ek bid ook vir die veiligheid van meisies in ons dorpies wat so dikwels mishandel word. Laastens bid ek ook dat ek versterk in my geloof sal bly en altyd in U weë sal wandel."

## KARAN

Karan is die enigste Christen in sy familie. Die res van sy familielede is toegewyde Hindoes – en sy pa is die dorpshoof. In Karan se dorpie is dit ŉ skande dat die hoof se seun nie ŉ Hindoe is nie, maar ŉ Christen.

### ŉ GEBED VAN KARAN

"Liewe Here, ek bid vir my studies. Help my asseblief om te konsentreer en my beste te gee. Ek bid vir my familie – seën hulle asseblief en help hulle om U te ken. Here, ek bid vir ŉ geskikte werk vir my sodat ek my gesin kan help. Ek wil ook meer van die Bybel leer. Gee asseblief aan my ŉ geleentheid om meer Bybelse opleiding te kry."

## YENU

Yenu woon saam met haar twee jonger sussies. Haar ma is onlangs aan ŉ siekte oorlede en Yenu het haar pa jare gelede verloor. Toe haar ma dood is, het niemand van die dorpie kom help of eers die begrafnis bygewoon nie – selfs al het hulle geweet dat die familie arm is. Sedert haar ma se afsterwe, is dit baie moeilik vir die familie om te oorleef. Yenu soek op die oomblik vir ŉ werk om haar sussies te ondersteun.



## ŉ GEBED VAN YENU

"Here, ek kom na U toe. Ek bid vir my familie. Voorsien asseblief in ons behoeftes. Ek bid dat U vir my ŉ geskikte werk sal voorsien sodat ek vir my familie kan voorsien. Ek bid vir die wat nog nie gered is nie in my dorpie. Openbaar U asseblief aan hulle dat hulle U waarheid mag leer ken en saligheid in U sal vind. In Jesus se naam, Amen."



# BID SAAM MET HULLE...

- **DIE VERSLEGTENDE SITUASIE IN INDIË.** In onlangse jare, het Hindoe-organisasies meer aggressief begin word en beweer dat Indië aan Hindoeïsme behoort. Bid vir Christenbekeerlinge van Hindoeïsme wat onder swaar druk geplaas word om terug te keer na hulle Hindoe-geloof.
- **CHRISTENE WAT EVANGELISEER TE MIDDE VAN ANTI-BEKERINGSWETTE.** Bid vir God se voorsiening en beskerming vir gelowiges in Indië namate hulle met waagmoed evangeliseer in state met anti-bekeringswette. Bid dat hulle wys en beskermd sal wees in hul evangelisasiepogings.
- **JONG GELOWIGES WAT "TUISKOMS" SEREMONIES IN DIE GESIG STAAR.** Vra God om jong gelowiges van dissipelskapgeleenthede te voorsien, sodat hulle in hul geloof gegrond kan wees en die temptasie om na Hindoeïsme terug te keer sal weerstaan namate radikale Hindoes hulle "tuiskoms" veldtogte verhoog om Christene te dwing om terug te keer na hul voormalige Hindoe-godsdiens.
- **VROUE EN JONGMEISIES.** Bid vir Christenvroue wat kwesbaar is vir verkragting. Bid ook vir Christenmeisies in Indië wat vanweë hulle geloof deur hul families onder huisarres geplaas word. Vra God om hulle te beskerm en bid dat hul families die Here sal leer ken.
- **DIE BESKERMING VAN CHRISTENE.** Namate geweld teen Christene verhoog, vra God om hulle te beskerm waar hulle Hom daagliks in hierdie onstabiele nasie dien.





# KERRIE- EN FLIEKAAND

**Bly ŉ aand tuis vir vervolgde Christene in Indië en geniet jou gunsteling kerrie. Sit terug en kyk "Slumdog Millionaire" (PG-13) op DVD en sien hoe Indië begin lewe.**

Gebruik die aand om te bid en bewusmaking te skep vir vervolgde Christene in Indië. Vra mense om ŉ minimum van R30 te skenk om vervolgde Christene in Indië te versterk. Dan, voor die aand verby is, bid as ŉ groep of as individue vir die Christene in Indië.

## WAT JY NODIG HET

- Uitnodigings (laai uitnodigings af om uit te druk by www.opendoors.org.za/afr/shockwave)
- "Slumdog Millionaire" fliek
- Kerrie
- Springmielies en versieringopsies
- Komberse en kussings

## VOOR DIE GELEENTHEID

- Stuur uitnodigings aan jou gaste
- Druk Indië se land- en vervolgingstatistieke uit, asook die gebede (sien bladsy 3-6)

## OP DIE AAND

- Maak of bestel kerrie
- Deel uitgedrukte inligting oor Indië met jou vriende
- Kyk "Slumdog Millionaire"
- Bid vir Indië
- Samel donasies in vir vervolgde Christene in Indië

## ŉ PAAR IDEES

- **Vra gaste om kleurvolle klere aan te trek.** Indië is bekend vir sy helder kleure. Laat jou gaste pragtige, helder serpe, klere of selfs tradisionele Indiese klere aantrek.
- **Hou ŉ buitelug fliekaand.** Wie sê jy moet binnenshuis ŉ fliek kyk? Stel ŉ projektor en skerm/wit laken buite op om die fliek te kyk. Maak seker daar is baie komberse en kussings sodat jou gaste gemaklik kan wees.
- **Springmielie-stalletjie.** Fliek-kyk is nie voltooid sonder springmielies nie. Maak bakke vol springmielies en sit ook verskeie houers voor met lekker versieringopsies of maak springmielies vooraf met verskeie versierings om dinge vinniger te laat verloop voor die fliek.
- **Maak ŉ soet Indiese versnapering.** Kulfi is ŉ gewilde gevriesde nagereg in Indië. Besoek ons webwerf by www.opendoors.org.za/afr/shockwave vir een van vele smaaklike resepte vir Kulfi-yslekkers.

## DONASIES

Jy kan donasies wat ingesamel is in ons bank-rekeninge (details onder) deponeer. Gebruik asseblief jou verwysing "CURRY". Epos asseblief die bewys van betaling aan youthsa@od.org

**Bankrekening:**

Geopende Deure, ABSA, Northcliff (632005), Rekeningnommer: 160340568

of

Geopende Deure, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnommer: 113 750 4552